DEEL 118 | WEEK 2 | 9 JANUARIE 2026 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



# VVA maak verskil in Heilbron

Op Woensdag, 7 Januarie 2026, het lede van Vrystaat Versorging in Aksie (VVA) — 'n welsynsorganisasie gestig in 1908 en gelei deur die voormalige Staatspresident M.T. Steyn en Thibie Steyn na die Anglo-Boereoorlog, wat ten doel het om deur gemeenskapsaksies 'n positiewe bydrae tot die welsyn en ontwikkeling van gemeenskappe in die Vrystaat te lewer deur boeke en skryfbehoeftes aan plaaslike leerders te skenk. Hierdie betekenisvolle gebaar vorm deel van VVA se voortgesette betrokkenheid om onderwys te ondersteun en Heilbron se gemeenskapsgees te versterk.

Terwyl skole nog vir die vakansie gesluit was, het die VVA 25 leerders van Graad 1 tot Graad 12 – waaronder 'n aantal kleuters ook ingesluit is – saam met hul ouers, as eregaste by die Heilbron Suid Gemeente ontvang. Tydens die geleentheid is skryfbehoeftes en skoolboeke aan elke leerder oorhandig. Ná afloop daarvan kon almal saam kuier en aan "cupcakes" en koeldrank smul.

Mnr. Johnny van der Merwe, skoolhoof van Hoërskool Heilbron, en Ds. Petrus Fouché het as gassprekers opgetree. In sy verwelkomingstoespraak het mnr. Van der Merwe ouers en leerders aangemoedig vir die pad wat 2026 vorentoe inhou. Hy het veral klem gelê op die belangrikheid daarvan dat ouers empaties teenoor hul kinders moet wees, maar terselfdertyd ook streng moet optree en bewus moet bly van waarmee kinders hulself besig hou. Hy het beklemtoon dat sport- en skoolaktiwiteite, tesame met akademiese toewyding, 'n belangrike rol speel in die ontwikkeling van 'n gebalanseerde leerder.

Ds. Fouché se boodskap het gefokus op die noodsaaklikheid van strengheid en gehoorsaamheid. Hy het daarop gewys dat kinders dikwels meer leer uit hul ouers se foute, en dat ouers nie beloftes aan hul kinders moet maak wat hulle nie kan nakom nie. Met verwysing na die Bybelse verhaal van Josef het hy beklemtoon dat ouers nie "witbroodjies" behoort te hê nie. Deur ook na Eli en Abraham te verwys, het hy die vergelyking getref dat ouers streng moet wees en 'n goeie leierskapsvoorbeeld vir hul kinders moet stel. Vanuit die kinders se perspektief is daar beklemtoon dat hulle mekaar moet liefhê, gedissiplineerd moet wees en toegewyd moet bly aan harde werk, sodat hulle uiteindelik die vrugte daarvan kan pluk.

Ten slotte het mev. Ellen Marais, voorsitster van die VVA Heilbron, haar opregte dank uitgespreek teenoor almal wat bygedra het tot die sukses van die dag, asook vir die sinvolle bydrae wat die VVA as organisasie tot die Heilbron-gemeenskap oor die jare kon lewer.

Sy het ook hulde gebring aan voormalige bestuurslede van die VVA, veral mev. Jacomien Harmse en mev. Lydia Terblanche, wat ná jare se getroue diens weens gesondheidsredes moes uittree. Ook spesiale dank aan mev Sofia Weilbach en Annetjie du Preez wat vir hul entoesiasme en harde werk altyd onthou sal word.

Die VVA wens almal 'n voorspoedige 2026 toe en sal vorentoe oor die komende maande opvolg oor die leerders se akademiese prestasie en ondersteuning bied waar nodig.









# Inwoners van Heilbron gefrustreerd oor swak munisipale dienslewering

Inwoners van Heilbron spreek toenemende ontevredenheid uit oor die munisipaliteit se dienslewering, met spesifieke verwysing na die onreëlmatige vullisverwydering in die dorp.

Volgens inwoners is die vullistrok gereeld buite werking, wat daartoe lei dat vullis nie konsekwent verwyder word nie. Gedurende November is vullis na bewering slegs hier en daar in areas soos Vegkop opgelaai, wat groot ongerief vir huishoudings veroorsaak het.

In Desember is vullis wel op 16 Desember verwyder, maar nie op Maandag 15 Desember nie, weens onvoorsiene omstandighede. As gevolg hiervan is vullis daardie week glad nie in Vegkop verwyder nie. Hierdie onreëlmatige diens het inwoners verder ontstel, aangesien hulle steeds vir munisipale dienste betaal, maar voel dat die diens nie gelewer word nie.

Uit desperaatheid het sommige inwoners hul vullis self na die vullisterrein geneem. Daar word egter ook berig dat vullis nie altyd op die aangewese stortplekke gelaat word nie, maar soms by die ingang van die terrein afgelaai word.

Die bestuurder van die vullisterrein, mnr. Moeketsi, het 'n dringende beroep op die gemeenskap gedoen om nie vullis by die ingang van die stortingsterrein te los nie. "Could we kindly request residents not to dump at the entrance of the landfill site," het hy gesê.

Hoewel alle inwoners geregtig is om van die terrein gebruik te maak, doen die munisipaliteit 'n beroep op samewerking van die gemeenskap. Inwoners wat hul vullis self wegneem, word versoek om dit slegs op die aangewese plekke te stort, sodat orde en veiligheid by die terrein gehandhaaf kan word.

Inwoners hoop dat die situasie spoedig sal verbeter en dat betroubare en konsekwente dienslewering weer hervat sal word.






## UIT DIE PEN: Week 2

Met groot *fanfare* het ons die nuwe jaar ingegaan. Dit was eintlik baie lekker: ons het om 23:30 'n erediens gehad, en ek het die voorreg gehad om die sang te kon lei. Met die laaste lied het die gemeente buitekant toe gestap, en het hulle onder die sterre gebid vir 2026. Daarna het almal wat wou, by die afdak bymekaar gekom. Elkeen kon 'n poeding saambring, as hulle wou. Sommiges het sommer twee poedings gebring en ons het gekuier tot vroeg in 2026. Daar was, tipies Suid-Afrikaans, nie 'n tekort nie, en ons kon seker weer 12 mandjies volmaak vir die volgende groot ete.

Darem nie, maar amper.

Dit was baie spesiaal. Met ons voorafsang het ons onder andere The Goodness of God gesing. Ek het met 'n bewerige stem vertel hoekom ek hierdie lied gekies het.

Omtrent so 10 dae voor my gryse ou pa se dood in 2018, het ek in sy ouetehuiskamer se deur gestaan. Hy het nie geweet dat ek daar was nie, want sy bed was sò geskuif dat hy by die venster kon uitkyk.

Teen daardie tyd kon hy nie meer self loop nie. Hy het sy eie *butler* gehad, soos wat hy dit genoem het. Iemand om hom te help om in 'n stoel te sit of om hom om te draai of om hom badkamer toe te neem.

Toe ek daar in die kamer se deur staan, kon ek nie dink dat hy regtig eendag sou doodgaan nie. My pa was mos my hero, hy sou dan sekerlik vir ewig leef, het ek gehoop.

Dieselfde gryse ou pa het kanker oorleef, 'n hartaanval en 'n rugoperasie. Daar was niks waarvoor hy skrik nie.

Daardie dag het ek my gryse ou pa hoor bid.

"Here, laat ek net nooit my geloof verloor nie."

Van alles waarvoor hy moontlik kon bid, vra hy net hierdie eenvoudige sin. Dit het my hart aangegryp. As jy in dieselfde situasie was, sou jy dalk eerder vir sterker bene gevra het. Of meer lewenslus. Dalk vir gemak en vir gerief.

Hy wou net nooit sy geloof verloor nie.

Ek het dit vir die gemeente vertel, en ek moes sluk aan die trane, want al is dit hierdie 8 jaar sedert hy dood is, verlang ek my gryse ou pa elke liewe dag. En my rooikopsussie, wat saam met hom in die hemel is.

Ek vertel toe verder dat ons dalk ook goed in 2025 verloor het: dalk 'n stukkie van die selfbeeld (ja, ek praat vir myself en ek werk hard daaraan). Dalk het jy jou werk verloor. Of jou huis of jou kar. Of dalk het jy iemand aan die dood moes afstaan.

Toe ons die voorafsang doen, moes Michael die eerste twee reëls van die lied alleen sing. Die res van die musikante het daarna ingeval.

Ek het verlede jaar vertel van Michael wat ek by die kerk ontmoet het. Sy vrou het toe al vir jare aan Lewy Body Demensie gelyk. Ek dink julle sal onthou dat ek vertel het dat Lewy Body Demensie jou denke, beweging, gedrag en slaap aantas. Lyers sterf daaraan, want daar is geen medikasie wat dit kan genees nie.

Michael se vrou was vir jare bedlêend. Hy moes haar kos in 'n voedingsbuis sit. Hy moes haar was, haar aantrek, haar elke drie ure draai. Elke dag.

Michael se vrou is in die tweede week van Desember dood. Nadat hy haar vir jare versorg het. Dis hoekom ek wou hê dat hy die eerste twee reëls moes sing, deels omdat hy seer het, maar ook omdat ek weet hoe diep sy geloof is. Hy het dit met oortuiging gesing, terwyl ek 'n paar trane moes afsluk. Jy kon hòòr hoe hy oor sy afhanklikheid van God sing.

Die lirieke is as volg:

*I love You, Lord*
*For Your mercy never fails me*
*All my days, I've been held in Your hands*
*From the moment that I wake up*
*Until I lay my head*
*Oh, I will sing of the goodness of God*

Ek kon nie die trane keer nie, almal het geweet dat Michael, ten spyte van sy verlies, uit sy hart uit sing en dankbaar is vir jare wat sy vrou by hom was.

Hierdie jaar het ek besluit dat ek oor "Wat ek geleer het" gaan skryf. Want ek leer elke dag. Ek leer aanmekaar, elke dag.

Met ons erediens het ek ook iets geleer: maak nie saak hoe seer jou hart is nie, daar is steeds rede om te sing. Gaan lees maar die Psalms: Dawid en die ander skrywers het psalms geskryf toe hulle bly was, toe hulle bang was, toe hulle hartseer was, toe hulle nie geweet het wat volgende gaan gebeur nie, toe ander mense hulle wou doodmaak. Jy hoef ook nie hardop te sing nie, jy kan maar in jou gedagtes saamprewel.

Maar ons moet nooit ophou om te sing nie. As jou hart sy wysie ken, kom die woorde makliker.

Ek het geleer dat ons eenvoudige gebede kan bid. Al is dit net om vir God te vra dat jou geloof net nooit sal ophou nie.

Ons hoef nie in 2026 groot goed te vra nie. Dit werk gewoonlik nie. Gaan vra maar vir diegene wat besluit het dat hulle op 1 Januarie 2025 sou ophou rook. Ek dink die meeste van hulle rook steeds. Dieselfde met diegene wat besluit het om by die gimnasium aan te sluit: hulle oefen nogsteeds nie. Daar is natuurlik uitsonderings op die reël.

Ek wil vir 2026 soos my gryse ou pa bid: Here, gee dat ek nooit my geloof sal verloor nie.

Mag jy in 2026 goue lesse leer, en nie bang wees om dit te doen nie. Mag jy aanhou liefde en vrede saai.

Mag jou geloof net sterker word.

AAT Agenbag's All Trade .co.za

'In Deo Sapientiae Lux'

'Business by The Book'

ELAI

Whatsapp: 060 397 6380 Email: agenbagsalltrade@gmail.com

**Ons bied die volgende dienste aan:**

- **ELAI Agritech Collaboration** (Drishti Platform)
- **Future of Farming** (Drishti Platform)
- **Digital Farming Solutions** (Drishti Platform)
- **Business Rescue Practitioners** ()
- **Business Practitioners** ()
- **Agriculture Technology** ()

**Ons wens alle Kliënte 'n Voorspoedige 2026 toe.**



hartklop

Hartklop wens al hul Kliënte 'n Voorspoedige 2026 toe.

Hartklop sluit 24 Desember 2025 (14:00) en heropen 19 Januarie 2026

*Ons bied die volgende:*



- Koffiewinkel & Teetuin (Wi-Fi)
- Vars Gebak: Pasteie, Bobotie, Lasagna, Beskuit en Koekies
- Ontbyt en Ligte Middagetes
- Kombuisware, Enamelware, Huisware en Benodighede
- Wol, Garing, Brei en Hekel Benodighede
- Funksies, Partytjies en Vergaderings met vooraf Bespreking
- Groente- en Blomplante (Kwekery)

Marlene 082 658 7298


Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald kontak gerus vir

Antonio Pienaar by die **Heilbron Herald**
**058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za**


ORYX



R 4500 ONCE OFF
Excluding Monitoring & responce (Monthly)

OR

R599 MONTHLY
24 MONTHS
Including Monitoring & Responce

control@oryxsecurity.co.za
sale@oryxsecurity.co.za

073 344 4257 058 813 1229

24 Hour prepaid electricity & water sales
26 Van Reenen Street
Frankfort



ONS GEE OM

WEISSENTRAL

DIE BESTE BOD
THE BEST BID
FRANKFORT



# Hullstraat ineenstorting vererger spanning oor munisipale wanbestuur





Volgens 'n subkontrakteur het die plaaslike munisipaliteit reeds in vroeë 2026 die konstruksiemaatskappy Kumula Investments genader om 'n rioolpyplyn in dele van Heilbron aan te lê. Die projek het egter skielik tot stilstand gekom. Inligting beskikbaar op parliament.gov.za dui aan dat "The contractor, Kumula Investments, was terminated due to poor performance...". Kumula Investments was ook die hoofkontrakteur verantwoordelik vir die konstruksie van die nuwe 3 megaliter-reservoir in Petrus Steyn, langs die bestaande reservoirs.

Die rioolpype is vir maande sonder toesig gelaat op die oop vlakte tussen die Total-vulstasie en Pakworks, waar dit gevandaliseer was en tydens 'n veldbrand beskadig is. Tot en met die tweede week van die nuwe jaar, was daar klaarblyklik min tot geen aandag geskenk aan die gevaarlike en duur gevolge wat die onvoltooide projek vir inwoners in mag hou nie.

Op die foto's (wat op 14 Desember 2025 geneem is) is 'n groot sloot duidelik sigbaar wat soos 'n donga dwarsoor die straat strek. Huiseienaars is veral bekommerd oor verdere skade wat die vorming van sinkgate aan hul erwe en huisfondasies kan veroorsaak. Bome wat op die sypaadjie geplant is, kan tans gesien word hoe dit eenkant toe leun omdat die grond nie meer diep wortelstrukture kan ondersteun nie, wat verdere kommer by huiseienaars wek. Die onderste gedeelte van die dorp (Hull- tot Eerwaarde Kok straat) lê op 'n hoë watertafel, en baie inwoners het in vorige jare boorgate laat sink—'n faktor wat die risiko verhoog aangesien die grond maklik kan meegee.

Volgens inwoners is daar laat in Desember pogings aangewend om die skade te herstel, maar dit was slegs oppervlakkig van aard. Die sloot is met materiaal soortgelyk aan tuingrond gevul, wat nie geskik is vir sodanige herstelwerk nie. Met die swaar reëns wat gedurende Desember voorgekom het, is meeste van die grond weer weggespoel.

Op Donderdag, 8 Januarie 2026, is daar weer konstruksiewerk aan die gang. Werkers van die Leano87 Solutions konstruksie maatskappy dien tans as subkontrakteurs vir die Kumula Investments konstruksie maatskappy om die aanleg van die rioolpype te voltooi. Volgens 'n bron beoog Leano87 om die Hullstraat-gedeelte van die projek teen Februarie af te handel, maar vra dat inwoners te midde van die ongerief en frustrasie asb. geduldig sal wees. Die uitgrawings word soms bemoeilik deur opstoot van grondwater en masjinerie wat met tye onklaar raak.

Amptenare by die plaaslike munisipale kantore is glo gereeld onbeskikbaar vir kommentaar weens 'n opeenhoping van ander diensleweringskrisisse.

# DA calls for urgent road repairs to protect Heilbron residents

*by Cllr. Robert Ferendale - DA Councillor Ngwathe Municipality*

The Democratic Alliance (DA) in Heilbron, Ngwathe Municipality, will take immediate action by writing to the newly appointed Community Services Director to demand an urgent, detailed road-repair programme for the town. After nearly a year of unanswered letters to the accounting officer, the continued failure to repair unsafe and severely damaged streets is placing residents, motorists, and public transport operators at serious risk.

As the rainy season worsens the condition of already broken roads, the community continues to suffer the consequences of the municipality's neglect.

Letters were written to the accounting officer, and no response or communication whatsoever was received. With us in the rainy season and more damage to our already broken streets, something has to be done urgently to get some repairs done.

Motorists and public transport (taxi) drivers have to bear the burden of using the pothole-ridden streets in and around Heilbron. We have Sandersville, where the main street is full of potholes, and motorists have been using alternative roads, but those roads are now even more challenging to access.

No repairs – all cries were ignored! Phiritona, Lennon Street, which is the main road, is in the same condition. Potholes as big as a basin. Heilbron Town, Vegkop and even streets in the business area are not being fixed.

This is unacceptable, and we can't continue like this. Action needs to be taken immediately.

We have people on the municipality's payroll who are supposed to maintain our roads, but it looks like they're getting paid for doing nothing.

Why do our residents have to sit and endure the municipality's failure when it comes to this vital service delivery issue?

Heilbron is also part of Ngwathe, and attention and service delivery must be given here as well. We are tired of asking for interventions and pressure to have our roads fixed.

*Cllr. Robert Ferendale - DA Councillor Ngwathe Municipality - 064 863 8203*
*Heidrè Malgas - DA Free State Provincial Media Officer 065 669 5808*




## Announcement: Mayoral Registration Assistance for 2026

*The office of the Executive Mayor hereby invites all interested, and prospective students in Ngwathe Local Municipality to apply for the Mayoral Registration Assistance. Submission dates: 12 January 2026 - 20 February 2026*
*Submission venue: ALL NGWATHE MUNICIPALITY OFFICES*
*Don't miss out on this opportunity, apply now and take the first step towards your dreams. Please note that only full-time and first year undergraduate students will be assisted. Closing date: 20/02/2026*

DUPNO Trading

**VAKATURE**

**1. Algemene Staal Werker**

**Vereistes:**
- Ervaring in staalwerk sal 'n voordeel wees
- Betroubaar, stiptelik en eerlik
- Kan instruksies volg en in 'n span werk

**Pligte sluit in (maar is nie beperk tot nie):**
- Algemene staalwerk
- Hulp met vervaardiging en installasie
- Handhawing van 'n netjiese werksarea

**2. Aankoper/Drywer**

**Vereistes:**
- Geldige rybewys (kode 08 / B of hoër)
- Ervaring in administrasie sal 'n voordeel wees

**Pligte sluit in (maar is nie beperk tot nie):**
- Aankoop van materiaal en voorraad
- Aflewering en oplaai van goedere
- Algemene administratiewe en logistieke ondersteuning

**CV's kan gestuur word na:**
**ryno.dupno@gmail.com | Navrae: 073 268 7565**
**Sluitingsdatum vir aansoeke 16 Januarie 2026**
**Poste is geleë in Heilbron**

# KENNISGEWINGS

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

**In the Estate of the Late:**
Surname: **NCUBE**
First names: **TIMOTHY**
Estate number: **14/2023**
Identity/passport number: **EN280554**
Date of death: **20/07/2021**
Last address: **PLOT 354, WELTEVREDE SETTLEMENTS, KOPPIES**
The First and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 9 January 2026 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Koppies.
**In case of a marriage in community of property:**
First Names and Surname of Surviving Spouse:
**SIZAKHELE NCUBE**
Identity/Passport Number: **690103 0627 080**
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**P.O. BOX 205/591**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**DATE SUBMITTED: 2025/12/2025**

JJJ

## LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer Nr. T 28441/2005** passed by **JOHANNES HERONIMUS BRINK, Identity Number 460827 5062 087,** Unmarried in favour of the Trustees for the time being of the **LETHANA TRUST, Registration Number IT 925/1999** in respect of certain **ERF 255 KOPPIES, DISTRICT KOPPIES, PROVINCE FREE STATE,** measuring 1190 (One Thousand One Hundred and Ninety) square metres, which has been lost or destroyed
All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the REGISTRAR OF DEEDS: FREE STATE at BLOEMFONTEIN within two weeks after the date of the publication of this notice.
Dated at KOPPIES on 7 January 2026.
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**CORNELIUS AND PARTNERS INC**
**26A CHURCH STREET**
**P O BOX 21, KOPPIES, 9540**
**TEL: 056 77 1884**
**E-MAIL: koppies@corven.co.za**


Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald kontak gerus vir
**Antonio Pienaar**
by die Heilbron Herald
058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za

# FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |

**Volkleur / Colour**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

## WINKELURE

**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30**
**Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za




POSTNET
HEILBRON
**BESIGHEIDSURE**
**MAANDAE - VRYDAE: 08:00 -16:30**
**SATERDAE: 09:00 -12:00**
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006

TE HUUR
**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**



**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**








# SMALLS

# DIENSTE

## BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

## BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685
Heilbron

AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE

## BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE**
**per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***






# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**


***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# HERALD Sport

# KENNISGEWING

## *Heilbron / Phiritona / Sandersville*

Ngwathe plaaslike munisipaliteit reik 'n kennisgewing uit wat dien om inwoners en belanghebbendes in kennis te stel dat Rand Water die Sasolburg-reservoir tydelik buite werking sal stel om onderhoud uit te voer, soos vereis deur regulatoriese standaarde. Die geskeduleerde opskorting van die reservoir sal vir twee dae plaasvind, vanaf 16 tot 17 Januarie 2026. Tydens die voorgestelde tweedaagse opskorting van water toevoer sal Heilbron, Phiritona en Sandersville geraak word. Ngwathe plaaslike munisipaliteit sal voorsorgmaatreëls tref vir alternatiewe water tydens die opskorting.

Inwoners word gevra om geduldig te wees tydens die opskorting, aangesien die doel daarvan is om die werking van die Rand Water-verspreidingspunt te verbeter. Vir verdere opdaterings word inwoners versoek om met hul onderskeie raadslede in kontak te tree. Vir verdere inligting, besoek asb. www.ngwathe.fs.gov.za

*Uitgereik deur: Ngwathe Kommunikasie Eenheid.*

# Huppel Trippel en 2026

• *Sylvia Meades*

Almal skud mos vere reg hierdie tyd van elke jaar; en HT is geen uitsondering nie. Vir hierdie sosiale klub van Huis Bron-van-Heil is Nuwejaarsvoornemens egter nie deel van die pakket nie. Ons moes met groot hartseer te veel lede groet tydens 2025. Die seer word nog gesond. Maar vir die oorblywendes lê daar 'n jaar van nuwe ervarings, nuwe vriendskappe en sommer net uit die maag uit lekker saamkuier voor. Die ou staatmaker-lekkertes gaan weer gebeur; en met almal se koppe wat gaan saamdink, gaan ons baie nuwe lekkertes uitdink. Ons basis sal altyd lof aan Christus wees. Maar rondom hierdie tema is die moontlikhede so wyd soos die Heer se genade.... enigiets van uitstappies en nuwe ervarings tot nostalgie-onthou van tye toe die lewe nog soos 'n byna nimmereindigende pad deur die Karoo voor mens uitgestrek gelê het. Om mekaar te help dra aan die swaar wat die lewe soms sommer skielik op jou voorstoep kom aflaai, sal ook altyd op die spyskaart wees. En ook om breinselle en spiere wat gedink het hulle kan maar onbepaald vakansie hou, weer te gaan bymekaarmaak, sal poeding wees, 2026 lê en wag soos 'n ryp perske... gereed om gepluk te word. Dit sal ook heerlik wees as nóg meer van Heilbron en omgewing se inwoners sal kom saamkuier. Elke tweede Dinsdag-oggend om 10uur in die eetsaal is dit sulke tyd. Dit is vir *mahala*; só jy kan maar jou beursie by die huis los. Niemand is 'n eiland nie, só kom ontmoet nuwe mense en wees deel van 'n saamwees-groep waarby jy verseker sal baat. Ons kyk uit vir jou!!!


**BESIGHEIDSURE**
MAANDAE - VRYDAE: 08:00 -16:30
SATERDAE: 09:00 -12:00

Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006







**RIEMLAND JAGTERSVERENIGING 2026 JAARPROGRAM**

| | | |
|---|---|---|
| 7 FEBRUARIE, | 09:00 | PRETSKIET |
| 14 FEBRUARIE, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 14 MAART, | 09:00 | SKIETOEFENING |
| 21 MAART, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 11 APRIL, | 09:00 | RIEMLAND OPE PRYSSKIET/SPANSKIET |
| 16 MEI, | 09:00 | CHASA KWALIFISERING/VERBETERING |
| 6 JUNIE, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 11 JULIE, | 09:00 | LANGAFSTANDSKIET |
| 15 AUGUSTUS, | 10:00 | .22, JAGGEWEER & HANDWAPEN SPORTSKIET |
| 12 SEPTEMBER, | 09:00 | JEUGSKIETDAG |
| 3 OKTOBER, | 09:00 | GROEPERING SKIET/ TROFEE MEET |
| 6 NOVEMBER, | 18:30 | JAARVERGADERING: RIEMLAND TAK |

Vir meer navrae skakel:
Hennie Fourie (Voorsitter): 082 775 19 22

**VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:**

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034

SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING


# Heilbron Rolbalklub Nuus



Die nuwe jaar het begin en die balle rol vir 2026. Nuus uit die rolbalkamp is dat die Boerevereniging Challenge die 22ste Januarie afskop. Dit is altyd 'n hoogtepunt vir die gemeenskap waar verskillende Boereverenigings kragte meet. Laasjaar se wenners was Moedersdeel Boerevereniging en hulle is terug om die titel te verdedig. Hou die sosiale media dop as jy belangstel vir 'n lekker wegneem ete op 'n Donderdagaand. Enige navrae kan gerig word aan Hannalie Claassen.

Wat betref Valsrivier Kompetisies is dit die naweek die Veterane enkels wat afskop by die bane van KBC. Tracy Jacobs neem deel en ons glo dat sy met 'n medalje sal spog.


**BKB**

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 12 JANUARIE 2026**
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Thomba Shongwe 076 557 0346

**DINSDAG - 13 JANUARIE 2026**
VREDE Maandelikse veiling
Jandré Mol 082 307 0160
KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
MONT PELAAN Kwartaallikse veiling
Kontak Matthéus Theunissen 076 420 4115
JOZINI Maandelikse veiling
Kontak Trevor Ehrens 064 850 2930

**WOENSDAG - 14 JANUARIE 2026**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
WINBURG Maandelikse veiling
Kontak Rassie Erasmus 082 637 7635
NEWCASTLE Maandelikse veiling
Kontak Trevor Ehrens 064 850 2930
VRYHEID Maandelikse veiling
Kontak Andrew Banks 082 659 3365
NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 567 2223

**DONDERDAG - 15 JANUARIE 2026**
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Walt 072 626 9242
ROSENDAL Kwartaallikse veiling
Kontak Gerna Britz 082 828 2855

**VRYDAG - 16 JANUARIE 2026**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Gerrit Dewet 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Sally de Villiers 073 816 4952

www.bkb.co.za